higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

(8021014)

24 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die voorverhoorfase bestaan uit die volgende stappe:

A Aanmelding van die misdaad, pleitooreenkoms en appèl.
B Aanmelding van die misdaad, aanhouding van die oortreder en vrylating van die oortreder.
C Ondersoek deur polisie, hersiening en vonnisoplegging.
D Saakdossier oopmaak, aankla en vrylating van die oortreder.

1.2 Stap in die ondersoekproses:

A Neem verklarings af by almal wat by die saak betrokke is.
B Wys die saakdossier aan 'n polisiebeampte in die GDS toe.
C Gaan die perseel geluidloos binne en deursoek die eiendom vir getuienis.
D Ondervra verdagtes om bekentenisse te bekom.

1.3 Ingevolge die Grondwet behels die verantwoordelikhede van die SA Polisiediens die volgende:

A voorkom, beveg en ondersoek misdaad
B handhaaf private orde
C beskerm en beveilig die burgers van Suid-Afrika en hul eiendom
D handhaaf en dwing privaatreg af

1.4 Reg wat in die Afrika Handves van Mense- en Volkereregte beskerm word:

A Alle burgers, behalwe die parlementslede, is gelyk voor die reg.
B Elke persoon wat daarvan beskuldig word dat hulle 'n oortreding begaan het, het die reg om onskuldig geag te word totdat hulle deur 'n onbevoegde hof of tribunaal skuldig bevind word.
C Elke persoon wat daarvan beskuldig word dat hy/sy 'n oortreding begaan het, kan veroordeel word vir 'n handeling of versuim wat nie regtens 'n strafbare oortreding uitgemaak het op die tydstip toe dit gepleeg is nie.
D Elke persoon wat daarvan beskuldig word dat hy/sy 'n oortreding begaan het, mag nie gestraf word vir 'n oortreding waarvoor geen voorsiening van 'n straf gemaak is op die tydstip toe die oortreding begaan is nie.

1.5 Die doel van herstellende geregtigheid is om ...

A oortreders persoonlik aanspreeklik vir hul gedrag te hou.
B die ekonomiese impak van misdaad te beklemtoon.
C aktiewe slagoffer- en gemeenskapsbetrokkenheid by die regsproses te bevorder.
D die gehalte van geregtigheid wat slegs oortreders ervaar, te verbeter.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die oordrag van regstelsels van een grondgebied na 'n volgende vind op verskillende maniere oral ter wêreld plaas – selfs in Suid-Afrika.

2.2 Tipiese uitkomste wat met herstellende geregtigheid verband hou, sluit in restitusie, bystand aan oortreders en slagofferbystand.

2.3 Viktimisering verwys na die billike behandeling van of diskriminasie teen misdaadslagoffers.

2.4 Oortreders wat vir dagparool gekies kan word, is diegene wat praktiese hervestigingsprobleme ondervind.

2.5 Elke beskuldigde persoon het 'n reg op 'n billike verhoor, wat insluit die reg op 'n openbare verhoor voor 'n buitengewone hof.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Empatiese, persoongesentreerde bystand nadat iemand geviktimiseer is	A	slotbetoog in akkusatoriese proses
3.2	Waar en wanneer die misdaad gepleeg is	B	veilige aanhouding
3.3	’n Beskuldigde kan die saak onmiddellik sluit indien hy/sy wil swyg en nie getuienis tot sy/haar verdediging wil aanvoer nie.	C	ervaring van ’n gevangene wat tot gevangenis toegelaat word
3.4	Vermoedens, geregtelike kennisname en erkennings	D	langtermynbenadering
3.5	Albei partye kan die hof toespreek om hul argumente te opper	E	gemeenskaps-gebaseerde vonnis
3.6	Hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika	F	opsie tot die verdediging se beskikking
3.7	Dissipline en roetine wat op selfdissipline gerig is	G	slagofferondersteuning
3.8	Verlies van eksterne kommunikasie	H	Handves van Regte
3.9	Hofbevel wat die oortreder beveel om die een of ander vorm van diens tot voordeel van die gemeenskap te lewer	I	vonnis van 25 jaar
		J	bewysmateriaal
3.10	Lewenslange gevangenisstraf	K	restitusie
		L	klagstaat

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende paragraaf deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

gevangenes; in die hof tydens 'n verhoor; hoofregter; aktivis; waardigheid; slagoffer; 500 m weg van die hof; skade gely; buite die hof; professionele liggaam; veroorsaak skade; verspreiding; regterlike liggaam; retribusie; slagoffer-oortreder-versoeningsprogram; voorsittende beampte

Die (4. 1) ... is in beheer van hofverrigtinge. Dit is die plig van die voorsittende beampte om seker te maak dat niemand hulself op so 'n wyse gedra dat dit op minagting van die hof neerkom nie. Minagting van die hof behels om onwettig en opsetlik die (4.2) ..., aansien of gesag van 'n (4.3) ... te skend, of by die regspleging in te meng rakende 'n saak wat voor hulle dien. Daar is 'n onderskeid tussen minagting *in facie curiae* (4.4) ... en minagting *ex facie curiae* (4.5) ... (5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

Die polisie het inligting ontvang dat 'n man kinderpornografie in sy besit het en daar is met 'n ondersoek begin. Die polisie het na die beskuldigde se woning gegaan en die perseel deursoek. Gedurende die soektog is daar op 'n skootrekenaar en twee hardeskywe beslag gelê.
Forensiese ontleding is op die toestelle uitgevoer en beelde van kinderpornografie is geïdentifiseer. 'n Saakdossier is oopgemaak.

5.1 Verduidelik wat bedoel word met die oopmaak van 'n saakdossier. (2)

5.2 Resepsie is 'n proses waarvolgens aspekte van 'n ander regstelsel vrywillig in 'n bestaande regstelsel ontvang, bygevoeg en in werking gestel word. Dit kan volgens 'n doelbewuste besluit of oor 'n tydperk deur middel van 'n proses van aanvaarding plaasvind.

Verduidelik die VIER elemente van resepsie. (4)

5.3 In die gegewe scenario is 'n tweede beskuldigde van Zimbabwe een week later in hegtenis geneem.

Evalueer of die doelwitte van die Afrika-unie sal help om die tweede beskuldigde aan te kla. (5)

5.4 Verduidelik die term *amnestie*. (4)
[15]

VRAAG 6

Die beskuldigde was werksaam by die lisensiekantoor wat verantwoordelik is vir die uitreiking van leerling- en bestuurderslisensies. Ondersoek het aan die lig gebring dat die beskuldigde persoon op bedrieglike wyse leerling- en bestuurderslisensies uitgereik het aan mense wat nie getoets is nie. Lisensiehouers het in die hof getuig dat hulle geld betaal het om lisensies te bekom sonder om getoets te word. Die beskuldigde is skuldig bevind aan korrupsie en bedrog en is tot gevangenisstraf van nege jaar gevonnis.

6.1 Bespreek of dagparool (as 'n beginsel van gemeenskapskorreksies) in die geval van die voormalige lisensiebeampte oorweeg kan word. (5)

6.2 Wanneer die prosesse van die verdediging in die gegewe scenario geassesseer word, moes 'n bepaalde hofprosedure vir die verdediging se saak gevolg geword het.

Verduidelik die hofprosedure vir die verdediging se saak. (4)

6.3 Verduidelik vonnisoplegging gedurende die proses van beregting en die vonnisoplegging van die beskuldigde in die gegewe scenario. (6)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

BESKULDIGDE IN HEGTENIS GEHOU VIR BESIT VAN GOUDKONSENTRAAT

Mediaverklaring: Suid-Afrikaanse Polisiediens:

'n Persoon (27 jaar oud) is op Maandag 30 Mei 2022 in hegtenis gehou nadat hy vlugtig op 'n aanklag van besit van goudkonsentraat in die landdroshof verskyn het. Die beskuldigde se hofverskyning spruit uit sy aanhouding op Vrydag 27 Mei 2022. Dit was nadat lede van die Dr Kenneth Kaunda-distrik se span ter bekamping van onwettige mynbou asook die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (DPCI) inligting oor 'n onwettige mynverwerkingsaanleg by 'n sekere huis in die gebied opgevolg het.
Toe hulle die huis deurgesoek het, het hulle 50 kg gouddraende materiaal, toerusting en ander stowwe vir die verwerking van goud aangetref. Die persoon is vervolgens in hegtenis geneem en aangekla. Die borgtogaansoek is geweier.

[Vertaal uit: *www.saps.gov.za*]

7.1 Die prosedure van die akkusatoriese proses sal in die hof plaasvind. Jy word aangestel as die aanklaer in hierdie saak en moet die verhoorprosedure beplan.

Verduidelik aan die familie jou beplande verhoorprosedure. (5)

7.2 Die regering erken dat misdaad meer as net 'n oortreding teen die staat is – dit is ook skade of 'n onreg wat iemand anders aangedoen word. Daarom het die kabinet die *Dienshandves vir Misdaadslagoffers* aanvaar.

Dui aan watter regte van slagoffers in hierdie handves erken word om die myneienaar by te staan. (5)

7.3 Die beskuldigde sal verskeie kere in die hof verskyn terwyl hy in aanhouding is.

Verduidelik hoe jy sal verseker dat die beskuldigde se identiteit met elke hofverskyning bepaal sal word. (5)
[15]

VRAAG 8

PROVINSIALE KOMMISSARIS GELAS FLINK ONDERSOEKE NA VIGILANTE-MOORDE NADAT TWEE MENSE MET KLIPPE DOODGEGOOI IS

Mediaverklaring: Suid-Afrikaanse Polisiediens

Die provinsiale polisiekommissaris het gelas dat intensiewe ondersoeke onmiddellik gedoen word na die wrede moorde op twee mans wat na bewering op 25 Mei 2022 deur ’n skare aangeval is. Enigiemand, insluitend enige getuies, met inligting wat die polisie kan help om die verdagtes in hegtenis te neem, kan die Stop Misdaad-nommer 08600 10111 of die naaste polisiekantoor skakel. Die polisie is omstreeks 09:00 oor die voorval ingelig en het hulle na die toneel gehaas. By hul aankoms het hulle twee mans met erge beserings op die grond aangetref. Die woedende skare het daarna die polisie probeer aanval, en hul twee voertuie beskadig. Nog ’n motorvoertuig, wat na bewering aan die oorledenes behoort het, is ook uitgebrand aangetref. Versterkings is ingeroep en die situasie is daarna ontlont.
Die paramedici is ontbied. By hul aankoms het hulle die twee slagoffers dood verklaar.
Voorlopige ondersoeke dui daarop dat die twee slagoffers betrap is dat hulle ’n bok vervoer het. Hulle is daarvan beskuldig dat hulle lewende hawe in die gebied steel. “Ek waarsku die plegers van hierdie wrede moorde dat die polisie onverbiddelik sal wees om hulle uit te snuffel en voor die gereg te bring. Gemeenskappe word aangemoedig om die polisie in kennis te stel as hulle inligting oor misdaad het en moet ophou om die reg in eie hande neem,” het die Generaal gesê. Die polisie het drie arrestasies gemaak: twee (2) mans (ouderdomme 25 en 14) en een vrou (ouderdom 21), nadat waardevolle inligting aan die ondersoekbeampte gegee is.

[Vertaal uit: *www.saps.gov.za*]

8.1 Getuienis en getuies maak ’n integrale deel van die geregtelike proses uit.

Tabelleer die verskille tussen *getuies* en *getuienis*. (2 + 3) (5)

8.2 Bespreek hoe die drie beweerde oortreders afsonderlik tydens die aanhoudingsproses geakkommodeer sal word (artikel 7 van die Wet op Korrektiewe Dienste) (5)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag.

VRAAG 9

Die vonnisoplegging spruit uit 'n voorval waartydens die beskuldigde in Januarie 2020 probeer het om die klaer om te koop om 'n saakdossier terug te trek. Dit het tydens die verrigtinge aan die lig gekom dat die beskuldigde die klaer op Dinsdagoggend 21 Januarie 2021 besoek het en hom ingelig het dat daar 'n sekere dame was wat wou hê dat hy die saak teen die leier van die groep wat ontwrigtings in Bloemhof veroorsaak het, in ruil vir betaling moes terugtrek. Die slagoffer het verder aan die polisie gesê dat, wanneer hy ook al die dame teëkom, sy die pad versper en daarop aandring dat hy die saak terugtrek.
As gevolg hiervan is 'n saak by die polisie aanhangig gemaak en ondersoek. Die beskuldigde is gevolglik op Dinsdag 26 Mei 2022 skuldig bevind op twee aanklagte van korrupsie en is tot gevangenisstraf van vier jaar gevonnis. Boonop is die beskuldigde ingevolge artikel 103 van die Wet op Vuurwapenbeheer 60 van 2000 ongeskik verklaar om 'n vuurwapen te besit.

9.1 Nadat die beskuldigde die vonnis uitgedien het, moet hy/sy by die samelewing herintegreer word.

Bespreek die herintegrasieprogram met spesifieke verwysing na kenmerke van doeltreffende herintegrasieprogramme, institusionele programme en gemeenskapgebaseerde programme. (15)

9.2 Verduidelik die *herintegrasieteorie.* (5)
[20]

OF

VRAAG 10

'n Persoon (mnr Mailula) het 'n klag by die polisiekantoor ingedien oor 'n verdagte wat in sy gebied in besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen was. Die polisie het na die vermelde woning gegaan en die perseel deurgesoek. Toe hulle die huis deursoek het, is een jaggeweer aangetref. Die verdagte is in hegtenis geneem en aangekla van besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen. Die vuurwapen waarop beslag gelê is, sal weggestuur word vir ballistiese toetsing om vas te stel of dit in die pleging van enige misdaad in die land gebruik is.

Verduidelik en besin oor elk van die volgende aspekte in die misdaadaanmeldingsproses.

10.1 Hoe die polisie die aanmelding van die misdaad moet hanteer. (7)

10.2 Die stappe in die aanmelding van 'n misdaad. (8)

10.3 Of die persoon suksesvol was om 'n klag by die polisiekantoor aanhangig te maak. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou